

18 MAART

**SKRIFGEDEELTE: JOB 22
FOKUSGEDEELTE: JOB 22:17**

In die teenwoordigheid van die Here

Die beskuldiging wat Elifas aan Job rig, is so dikwels ons eie sonde. Ons tree so baie op asof die Here ver is en nie ons sonde kan sien nie. Ons doen dit deur in die geheim sonde te doen en te dink niemand weet daarvan nie. Ons doen dit deur ons sonde te ontken of verskonings te soek wanneer die Here ons op ons sonde wys deur vermanings van medegelowiges, die kerkraad of direkte ingryping van die Here self. Daardeur sê ons inderwaarheid (vs.17): "Laat staan ons. Wat kan die Almagtige aan ons doen?"

Die waarheid is egter dat ons altyd in die teenwoordigheid van die Here is, ook die ongelowiges kan nie aan sy almag ontkom nie. Die wonder en troos hiervan is juis dat ons nie nodig het om ons sonde weg te steek nie. Herstel kom juis wanneer ons ons sonde erken en bely en ons aan God onderwerp.

Sing: Psalm 119:62

Ds André de Jager (Volksrust)